higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2

(8021012)

24 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

330Q1N2324

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Inheemse reg verwys na ...

A die nasionale parlement en provinsiale parlemente van Suid-Afrika.
B reëls en praktyke van ’n bepaalde inheemse gemeenskap.
C die reëls wat deur howe ontwikkel word wanneer besluite geneem word.
D die geskrifte van mense wat regskenners is.

1.2 Watter EEN van die volgende stellings is verkeerd?

A Die hof bepaal die skuld of onskuld van die beskuldigde.
B Die hofkomponent hoor slegs die staat se saak aan.
C Die hof lewer die uitspraak.
D ’n Regter of landdros sit voor in die howe.

1.3 Die behoorlike funksionering van die strafregsplegingstelsel berus op die volgende:

A veilige gevangenisse waarin veroordeeldes wat tot gevangenisstraf gevonnis word, geakkommodeer word.
B aanklaers wat die howe bystaan om ’n uitspraak te lewer.
C polisiebeamptes wat nie in staat is om alle sake deeglik te ondersoek nie
D lê ’n onbehoorlike vonnis op aan mense wat aan ’n misdaad skuldig bevind word

1.4 ’n Ondersoek ter plaatse word uitgevoer wanneer:

A die voorsittende beampte, op versoek van die staat of verdediging, die misdaadtoneel inspekteer.
B kinders as getuies in die hof optree.
C ’n kind die beskuldigde in ’n saak is.
D die voorsittende beampte in beheer van die verrigtinge is.

1.5 Watter EEN van die volgende is nie ’n eenheid van SOGS (‘SOCA’) nie?

A Die afdeling vir seksuele oortredings
B Die afdeling vir gesinsgeweld
C Die onderhoudafdeling
D Die afdeling vir inheemse spesies

1.6 Watter van die volgende is ’n rede om vrywilligerdiens te verrig?

A Mense word betaal om vrywilligerdiens te verrig.
B Mense word beroemd wanneer hulle vrywilligerdiens verrig.
C Dit lyk goed op Instagram.
D Ontwikkel nuwe vaardighede.

1.7 Inheemse reg staan ook bekend as ...

A gemenereg
B strafreg
C gewoontereg
D verteenwoordigingsreg

1.8 Jeugdiges verwys na kinders ...

A wat ’n misdaad waargeneem het.
B wat slagoffers van ’n misdaad is.
C onder die ouderdom van 18 jaar.
D bo die ouderdom van 18 jaar.

1.9 Misdaadinligting is belangrik om polisieagentskappe te help om ...

A toesig oor die NVG te hou.
B regshervorming te fasiliteer.
C misdade te voorspel.
D regsadvies te gee.

1.10 Akte van beskuldiging verwys na ...

A ’n formele aanklag.
B om onskuldig bevind te word.
C om ’n perseel te deursoek.
D om skuldig bevind te word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Stare decisis	A	wet deur die parlement uitgevaardig
2.2	Soewereiniteit	B	inligting oor misdadige aktiwiteit
2.3	Intelligensie	C	kinders onder die ouderdom van 18
2.4	Arbitrêr	D	maak deel uit van privaatreg
2.5	Aanhou	E	hoogste gesag of bevoegdheid.
2.6	Prima facie	F	massamoord op die Jode deur die Duitsers
2.7	Jodeslagting (‘Holocaust’)	G	om te staan by dinge wat beslis is
2.8	Jeugdiges	H	om ’n oortreder in die gevangenis te hou
2.9	Statuut	I	sonder goeie rede
2.10	Siviele reg	J	op sigwaarde
		K	iemand in hegtenis neem en aanhou
		L	metode gebruik

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Siviele reg is ’n stel reëls wat gekodifiseer is.

3.2 Die strafregsplegingstelsel begin wanneer ’n misdaad gepleeg word.

3.3 Modus operandi is die werkswyse.

3.4 Die verhoorfase fokus op herstellende geregtigheid.

3.5 Die DOV (‘DPP’) het die bevoegdheid om hofverrigtinge in te stel.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Die plek in die hofsaal waar 'n beskuldigde gedurende die verhoor plaasneem.

4.2 'n Organisasie by wie 'n persoon wreedheid teenoor diere aanmeld.

4.3 Die gebied waaroor die regsgesag van 'n hof of ander instelling strek.

4.4 Kerke voorsien voedsel en klere aan werklose en hawelose mense.

4.5 'n Persoon wie se taak behels om eerste op die toneel van 'n noodgeval te wees.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Bespreek die rol van die geregtelike komponent onder die volgende opskrifte:

5.1.1 Die voorkomende rol van die geregtelike komponent

5.1.2 Die ondersoekende rol van die geregtelike komponent

(2 × 5) (10)

5.2 Definieer die woord *beslissing* ('adjudication'). (2)

5.3 Dui die hofstruktuur van laagste tot hoogste aan. (5)

5.4 Noem enige DRIE hofbeamptes. (3)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

6.1	Bespreek kortliks *resepsie*, *verplanting* en *oplegging.*	(3 × 2)	(6)
6.2	Noem enige SES bevoegdhede van die Direkteur van Openbare Vervolging.		(6)
6.3	Noem enige DRIE regsbronne.		(3)
6.4	Bespreek kortliks praktiese maniere waarop jy vrywilligerdiens kan verrig.		(3)
6.5	Noem SES beginsels van vrywilligerdiens.		(6)
6.6	Bespreek die beginsel van herstellende geregtigheid.		(6)
			[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

EYEWITNESS NEWS

BONGINKOSI KHANYILE VERTRAAG OPSETLIK SY VERHOOR VIR OPSWEPERY – STAAT

Deur: Nhlanhla Mabaso

19 Augustus 2022 – Die Staat was voorbereid om die volgende twee weke voort te gaan met die saak teen een van die beweerde beskuldigdes in die Julie-onrus, Bonginkosi Khanyile.

DURBAN – Die Staat in die Bonginkosi Khanyile-saak het gesê dat hy doelbewus sy verhoor weens opswepery vertraag.
Khanyile het om uitstel gevra en gesê dat hy 'n nuwe regspraktisyn by sy verdediging wou voeg toe hy voor die Durbanse streekshof verskyn het.
Hy beweer ook dat die Staat sommige dokumente vir sy saak baie laat gelewer het.
Die saak is nou op versoek van die beskuldigde tot Vrydag uitgestel. Volgens die Staat is dit vertragingstaktiek om die verhoor te verhoed.
Die Staat was voorbereid om die volgende twee weke voort te gaan met die saak teen een van die beweerde beskuldigdes in die Julie-onrus, Bonginkosi Khanyile.
Die staatsaanklaer, advokaat Yuri Gangai, het gesê dat hy verskeie pogings aangewend het om Khanyile se prokureur in die hande te kry, maar dat dit onsuksesvol was.
Hy het ook vir Khanyile blameer vir die vertraging van die saak.

[Vertaal uit: *Eyewitness News*, 19 August 2022]

7.1 Teken ’n diagram wat die stappe in die verhoorstadium aandui. Die stappe moet in chronologiese volgorde wees. (10)

7.2 Die Staat in die Bonginkosi Khanyile-saak het gesê dat hy doelbewus sy verhoor weens opswepery vertraag.

Definieer die term *akte van beskuldiging*. (2)

7.3 In die verhoorfase is daar belangrike aspekte wat met die beskuldigde verband hou. Bespreek kortliks die volgende aspekte:

7.3.1 Vermoede van onskuld

7.3.2 Bewyslas

7.3.3 Die geestestoestand van die beskuldigde

7.3.4 Die teenwoordigheid van die beskuldigde in die hof

(4 × 2) (8)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou